

Sou hierdie reëls nie volledig op ons webtuiste uiteengesit wees nie, sal die leerders wel dit ontvang.

- LEERDERS MOET ALFABETIES IN DIE KLAS SIT.
- GEEN VRAESTEL MAG AAN 'N LEERDER VERDUIDELIK WORD NIE, DIE VRAE MAG SLEGS VIR 'N LEERDER VOORGELEES WORD.
- Die SKRYFTYD WORD REGDEUR 'N VRAESTEL OP DIE BORD VERTOON.
- SKRYFTYD BEGIN STIPTELIK in die laaste gedeelte van die eerste sessie. Meeste vraestelle duur 60 minute en sal dus 'n aanvang neem om 9:00.
- Indien 'n vraestel 90 minute duur, sal die vraestel se skryftyd om 8:30 'n aanvang neem.
- Leerders se vraestelle moet te alle tye plat op hul tafels lê. 'n Leerder moet dus nie hul vraestel in die lig hou om te lees nie.
- GEEN glimpenne ("highlighters") kleur penne of kleurpotlode mag op die vraestel gebruik word nie (behalwe as 'n spesifieke vraestel dit verwag).
- Leerders mag geen prente teken of onnodige krapmerke (bv. "graffiti") maak op vraestelle nie. 'n Eksamen-vraestel is 'n amptelike dokument. Potloodsketse/Kunswerke word slegs in sekere vraestelle toegelaat as deel van vaardighede wat geassesseer word, byvoorbeeld: NW, SW en Kuns.
- GEEN PENNESAKKIES word OP TAFELS toegelaat tydens die skryf van 'n vraestel nie: slegs 2x blou penne, 2x potlode, 1x uitveër en 1x liniaal per tafel. (GEEN SAKREKENAAR tydens Wiskunde vraestelle nie, GEEN TIP-EX op enige vraestel nie)
- Leerders mag GEEN skryfbehoeftes by mekaar LEEN tydens die skryf van 'n vraestel nie. 10. Tasse/skoolsakke moet voor of agter in die klas teen 'n muur geplaas word, nie by leerders se tafels nie.
- Leerders bring ELKE DAG die vak wat geskryf word asook die vak wat die volgende dag geskryf word se LEERWERK saam skool toe. PLATINUM HANDBOEKE / SKOOL LEESBOEKE word INGENEEM nadat die betrokke vak se vraestel afgehandel is.
- ALLE PLAKKATE in klaskamers moet VERWYDER word/ TOEGEMAAK word.
- Leerders mag GLAD NIE tydens 'n vraestel-sessie toegelaat word om OP te STAAN om gebruik te maak van toiletgeriewe nie. Leerders moet hul eie sneusies byderhand hou.
- GEEN VRAESTEL WORD INGENEEM VOORDAT DIE SKRYFTYD VERSTREKE IS NIE. Leerders moet die volle tyd gebruik om hul vraestelle te voltooi. Indien 'n leerder 'n vraestel vroeër afhandel as die aangeduide tyd, moet hy/sy op sy/haar arms lê vir die res van die skryftyd.
- GEEN LEERDER mag met ANDER LEERDERS GESELS tydens 'n vraestel nie.
- GEEN LEERDER/S mag vroeg uitgeteken word tydens eksamen nie, die vroeër tye is 'n vergunning. (Amptelike skooltye is tot 13:30).
- Die eksamen bestaan uit 2 sessies, waarin daar verskeie vraestelle geskryf word en administratiewe take voltooi sal word.
- Indien 'n leerder nie 'n vraestel skryf nie, word 'n Doktersbrief vereis.
- GEEN vraestelle word op ander tyd / datum as geskeduleer geskryf nie.
- Enige navrae word SLEGS deur meneer Jan-Divan Preuyt persoonlik hanteer.
- Kinders trek skoolklere aan en bring tas met leerwerk saam.
- Sorg asseblief dat leerders volledige stel skryfbehoeftes vir die skryf van eksamen ingepak het.
- Maak asseblief seker dat kinders goed voorbereid is, ontbyt eet en kos inpak.